

*S A Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 27(1), Junie 2013.*

**DIE VOC-SKIP SCHOONENBERG: WAARHEID EN VERDIGSEL  
DEEL I: DIE STRANDING VAN 1722**

**Jan G. Malan**

*Heidelaan 10, Bredasdorp 7280*

**The VOC ship Schoonenberg: Fact and fiction. Part I: The shipwreck of 1722**

The VOC ship Schoonenberg ran aground near Cape Agulhas on 20 November 1722. By embellishing historic rumours that valuables from the wreck had been taken to Vergelegen, where it disappeared, and by using the names of people mentioned in the records, a tale of conspiracy, a deliberate shipwreck, buried treasure, murder and cruel justice was devised and first published by Eric Rosenthal in 1951. The story is still being repeated, often as historic truth. Copious archival material reveals the radically different true Schoonenberg story. In this paper the route followed by the ship, events prior to and during her stranding, unruly behaviour on the beach by some survivors, and the investigation by the Fiscal into the causes of the disaster are described. The Skipper, Helmsmen and Third Mate were charged with negligence and found guilty by the Council of Justice. Their sentences ranged from permanent dismissal from the service of the VOC with loss of rank and confiscation of their possessions, to a reprimand by the Council. All of the ship's company eventually returned to Europe, the Skipper by secretly boarding an English return vessel. A subsequent paper will describe attempts to salvage the cargo, looting by the sailors, and investigations during 1726 by the new Fiscal into allegations of beach-combing against Skipper van Soest.

**Key words:** Cape Agulhas, Council of Justice, Fiscal Cornelis van Beaumont, Governor Mauritz de Chavonnes, Schoonenberg, shipwreck, Skipper Albertus van Soest

Die VOC-skip Schoonenberg het op 20 November 1722 naby Kaap Agulhas op die rotse geloop. Deur voort te borduur op historiese gerugte dat waardevolle artikels van die wrak na Vergelegen geneem is, waar dit verdwyn het, en deur die name te gebruik van mense wat in verslae genoem is, is 'n verhaal van sameswering, 'n doelbewuste stranding, 'n versteekte skat, moord en wrede straf bedink en in 1951 deur Eric Rosenthal gepubliseer. Hierdie storie word steeds oorvertel, dikwels as histories juis. Oorvloedige argiefdokumente vertel 'n radikaal verskillende, maar ware Schoonenberg-verhaal. In dié artikel word die roete van die skip, gebeure voor en tydens die stranding, die onbeheersde gedrag van die skipbreukelinge op die strand, en die fisikaal se ondersoek na die oorsake van die stranding verhaal. Die skipper, die opper- en onderstuurman en die derdewaak is aangekla en deur die Raad van Justisie aan nalatigheid skuldig bevind. Hulle vonnisse het gewissel van permanente ontslag uit die Kompanjie se diens met verlies van rang en konfiskering van hul besittings, tot 'n berisping deur die Raad. Die skip se bemanning is uiteindelik almal terug na Europa, die skipper in die geheim op 'n Engelse retoerskip. 'n Opvolgartikel sal die pogings beskryf om die vrag te berg, plundering deur die matrose en die nuwe fisikaal se ondersoek in 1726 na die bewerings van strandroof teen skipper Van Soest.

**Trefwoorde:** Fisikaal Cornelis van Beaumont, Goewerneur Mauritz de Chavonnes, Kaap Agulhas, Raad van Justisie, Schoonenberg, skipper Albertus van Soest, stranding

### *Aanloop*

Die VOC-skip Schoonenberg<sup>1</sup> wat op 20 November 1722 aan die Strandveldse kus op die

---

1 Ander vorms van die naam wat soms in argiefdokumente aangetref word, is Schoonenbergh, Schonenberg, Schonenbergh en Schonenburg.

rotse geloop het, se naam het behoue gebly in Skoonbergbaai, die strook swemstrand naby die hawe van Struisbaai in die rigting van die mond van die Heuningnesrivier. Afgesien hiervan, is dié skip vir die meeste mense maar net een van baie wat aan die Suid-Kaapse kus gestrand het.

Vir die skrywer het hierdie situasie eensklaps verander toe hy in 2010 Marius Diemont se nuwe koffietafelboek, *The Strandveld – Africa's foot of isolation*, onder oë gekry het. Onder die titel *Vergelegen treasure*, vertel Diemont die storie, of soos hy dit noem “legend”, van die Schoonenberg se stranding.<sup>2</sup>

Drie manne, glo almal eenaars van gedeeltes van Vergelegen, die vroeëre plaas van W.A. van der Stel, sou in November 1722 op 'n hoogte naby Kaap Agulhas die Schoonenberg sit en inwag het. Soos vooraf met skipper Van Soest aangespreek, is die skip met rookseine na die land gelok, waar die skipper dit laat strand het. Nadat almal aan land gekom het, is die offisiere met die meeste van die matrose met 'n verduidelikende briefie aan die Goewerneur Kaap toe gestuur. Van Soest en sy stuk of 20 vertrouelinge wat agtergebly het, berg 'n waardevolle deel van die buit. Die boere was gou by met hulle waens, en saam met die skipper het hulle die volgende dag met vragte buit na Vergelegen vertrek. Op die plaas aangekom, is een van die boere, Hendrik Klopper, en 'n paar slawe die wingerd in om die “skat” te gaan begrawe. Geweerskote is gehoor en Klopper het alleen teruggekom. Toe die samesweerders later die skat wou gaan opgrawe, is Klopper vooruit. 'n Skoot het geklap en toe die ander naderstorm, kry hulle Klopper dood lê. Niemand het nou geweet waar die skat begrawe was nie. 'n Wanhopig soektog het gevolg, maar hulle kon dit nie vind nie.

Intussen is die matrose met hulle deel van die buit na die Kaap en het so rojtaal spandeer dat die Goewerneur snuf in die neus gekry het. Die twee oorblywende boere en Van Soest is kort daarna gearresteer en, volgens ander weergawes van die storie, swaar gestraf: Van Soest is geradbraak en opgehang en die twee boere, Jacob van der Heijde en Jacob Malan, is in kettings na Batavia verban.

Die effens onthutsende, maar romantiese storie van 'n strandrower onder die

---

2 M. Diemont, *Vergelegen treasure*, in *The Strandveld – Africa's foot of isolation* (Hermanus, 2010), pp. 30-31

voorgeslagte van die Malans, het nadere ondersoek geveerg. Die eerste vraag was watter Malan dit kon wees. Die stamvader, die Hugenoet Jacques Malan,<sup>3</sup> was die enigste met dié van wat na Suid-Afrika gekom het. Hy is tussen 1665 en 1670 in St Martin de la Brasque in die vallei van die Durance-rivier in Provence gebore en het die Kaap in 1688 bereik. Hy het aanvanklik op La Motte by Franschoek geboer en nadat hy verskeie ander plase besit het, het hy op 28 Mei 1711 een van die vier dele gekoop waarin Vergelegen verdeel is. Hy het die plaas van 171 morg Morgenster genoem en hom daar as suksesvolle boer gevestig. (Die noordwestelike gedeelte van Vergelegen, vandag bekend as Lourensford, is gekoop deur Jacob van der Heijde, wat die vleiskontrak met die Kompanjie gehou het. Hy het skynbaar voortgegaan om die naam Vergelegen ook vir sy plaas te gebruik.<sup>4</sup>)

Jacques Malan het wel op 2 Julie 1700 'n seun met die naam Jacob gehad, maar dié is jonk oorlede, sodat hy sy sewende kind wat op 8 November 1710 gebore is, ook Jacob genoem het. Ook hý is jonk dood. Die enigste verklaring is dus dat gepraat word van Jacques, maar in sy Nederlandse vorm, Jacob.<sup>5</sup>

'n Meer onwaarskynlike kandidaat vir 'n strandrower is egter kwalik te kry. Hy was in daardie stadium in sy middel-vyftigs, welvarend (teen 1733 het hy o.m. 32 slawe, 50 perde, 140 beeste en 900 skape besit) en 'n diaken van Stellenbosch se gemeente. In 1724 sou hy tot ouderling verkies word en na sy dood in 1742 is hy by sy vooroorlede vrou in graf nommer agt in die kerk van Stellenbosch begrawe.<sup>6</sup>

Die tweede belangrike vraag was dus: Waar kom die storie vandaan en hoe geloofwaardig is dit? Volgens Diemont was Lawrence Green 'n moontlike bron. In dié se boek van 1958, *South African Beachcomber*, verskyn inderdaad 'n weergawe van die storie, maar met meer detail. Green skryf: “I like the treasure legend of Vergelegen at Somerset-West. It has the ring of truth about it, and the searcher in the Cape archives will find evidence supporting the old tale of the Schoonberg's gold and jewels and bars of silver.”<sup>7</sup>

Die heel vroegste weergawe wat die skrywer kon opspoor, is dié van Eric Rosenthal

---

3 H., D.G. & J.D. Malan, *Die Malans van Suid-Afrika I* (Bloemfontein, 1998), pp. 48-52

4 H. Franssen & M.A. Cook, *The old houses of the Cape* (Kaapstad/Amsterdam, 1965), p. 92

5 H., D.G. & J.D. Malan, *Die Malans van Suid-Afrika I* (1998), pp. 48-52

6 H., D.G. & J.D. Malan, *Die Malans van Suid-Afrika I* (1998), pp. 48-52

7 L.G. Green, Every Beachcomber's dream, in *South African Beachcomber* (Kaapstad, 1958), pp. 58-60

in sy boek *The hinges creaked: True stories of South African treasures lost and found* wat in 1951 verskyn het. Hy vertel die verhaal met nog meer geur en kleur.<sup>8</sup> Maar, soos by Green, word geen verwysing na enige bronne gegee nie. Nogtans is hierdie verhaal daarna byna klokslag in boeke oor strandings langs die Suid-Afrikaanse kus herhaal – soms as bloot 'n lekker storie van intrige, skatte en moord, maar partykeer, selfs in 2012 nog weer, as 'n historiese juiste weergawe van die gebeure.

Dat daar ook 'n ander weergawe kan wees, het die skrywer die eerste keer agtergekom uit die Schoonenberg-verhaal in die geskiedenis van die Morkel-familie op hulle webwerf.<sup>9</sup> Dit was dieselfde rolspelers, maar die verloop van die verhaal was onherkenbaar anders!

Uitsluitel sou duidelik net deur die oorspronklike bronne gegee kon word. Sekondêre bronne is onvermydelik onderworpe aan óf foute met die transkribering van moeilik-leesbare handskrifte, óf foute met die verstaan van die Nederlands. Die gepubliseerde transkripsies van *Resolusies van die Politieke Raad*, en ook die gerekenariseerde *tanap*-weergawe was die logiese beginpunt wat die skelet van die verhaal sou oplewer. Maar transkripsies van 'n groot verskeidenheid ander argiefbronne was nodig om lewe aan die verhaal te gee. 'n Ervare en kundige transkribeerder, Maureen Rall, het hiermee werk van onskatbare waarde gedoen. Wat verstommend was, is die volledigheid en omvang van die dokumentasie wat behoue gebly het. In die doolhof van die Kaapse Argief (en in VOC-argiewe in Nederland) sal ongetwyfeld nóg dokumente wees wat lig op die gebeure kan werp, maar uit die beskikbare inligting kan die merkwaardige verhaal van die Schoonenberg reeds in besonderhede vertel word.

Hier volg dan, op grond van die enigste betroubare getuienis wat bestaan, te wete primêre bronne in die Kaapse Argiefbewaarplek, die verhaal van die Schoonenberg se stranding. 'n Opvolgartikel beskryf pogings om die vrag te berg en die ondersoek, meer as drie jaar later, na bewerings van strandroof.<sup>10</sup>

---

8 E. Rosenthal, The treasure of Vergelegen, in *The hinges creaked, true stories of South African treasure lost and found* (Kaapstad, 1951), pp. 5-10

9 P.W. Morkel, *The Morkels. Family history*. (Privaat gepubliseer, 1961)

10 J.G. Malan, Die VOC-skip Schoonenberg: Waarheid en verdigsel Deel II: Strandroof na die stranding van 1722? Die artikel word in die volgende uitgawe van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* gepubliseer.

### *Die skip en sy skipper*

Die Schoonenberg van 800 t (**Figuur 1**) is in 1717 in die skeepswerf van Amsterdam vir die Amsterdamse Kamer van die VOC gebou. Op 10 Februarie 1719 het hy onder skipper Jan van der Linden uit Texel op sy eerste, veelbewoë vaart na Ceylon (nou Sri-Lanka), vertrek. Die beskutting van die Rooi See moes tydens 'n storm opgesoek word en die skipper en enkele van sy manne het in 'n skermutseling in Obabaai in Ethiopië gesneuwel. Ceylon is eers op 16 September 1720 bereik. Jacob Thoorn het die skip na Nederland teruggeneem en op 21 Augustus 1721 in Texel aangekom.<sup>11</sup>



**Figuur 1: Afbeelding van 'n VOC-handelsvaartuig, soortgelyk aan die Schoonenberg. Detail van skildery deur Aernout Smit, 1683**  
(Uit: William Fehr-versameling, Kasteel de Goede Hoop, Kaapstad.  
Verskaf deur Jimmy Herbert, Somerset-Wes, 2013)

---

<sup>11</sup> J.R. Bruijns, F.S. Gaastra & I. Schöffer, *Dutch-Asiatic shipping in the Seventeenth and Eighteenth Centuries* (The Hague, Netherlands, 1979, 1987)

Vir die Schoonenberg se tweede vaart na die Ooste om die nog swak gekarteerde Kaap die Goeie Hoop (**Figuur 2**), het Albertus van Soest as skipper oorgeneem. Hy het Texel op 15 Desember 1721 verlaat en Tafelbaai op 11 April 1722 binnegeseil, nadat sewe matrose op see dood is. Dit was sy tweede retoervaart as skipper: hy is op 3 Junie 1716 met die 600t fluit ('n lang, smal transportskip met drie maste) Hopvogel na Batavia en was op 5 Augustus 1720 weer terug in Texel.

Van Soest en die skippers van sewe ander skepe op pad na Batavia is by die Politieke Raad se vergadering van 28 April 1722 deur Goewerneur Mauritz de Chavonnes beveel om sover doenlik saam te vaar.<sup>12</sup> Daar was berigte van seerowery in die Ooste, en hulle sou die belange van die Kompanjie die beste dien deur op hulle vaart kontak met mekaar te behou. Op 10 Mei het hulle Tafelbaai verlaat en op 21 Julie in Batavia aangekom.



**Figuur 2: Kaart van suidelike Afrika, omstreeks 1730, opgestel deur Isaak Tirion, Amsterdam** (Uit: Nationaal Archief, Den Haag, Nederland. Verskaf deur Jimmy Herbert, Somerset-Wes, 2013)


<sup>12</sup> Kaapse Argiefbewaarpark, Kaapstad (hierna KAB), C59, Resolusies van die Politieke Raad, 1722-04-28, pp. 56-60

### ***Die ramspoedige vaart***

Die daaglikse Skeepsjoernaal van skipper Van Soest<sup>13</sup> dek die volledige terugvaart van die Schoonenberg en gaan selfs ná die stranding met enkele onderbrekings tot 30 Januarie 1723 voort. Alle inligting en aanhalings in hierdie en die volgende hoofstuk kom uit die joernaal, behalwe waar dit spesifiek anders aangedui word.

Op sy terugvaart het die Schoonenberg Batavia op 26 September in die geselskap van die Anna Maria verlaat, 'n VOC-skip van 600 t. Dit het 'n vrag algemene handelsware, 28 “stukke” (*geskut*) en 110 “koppe” aan boord gehad. Die twee skepe het saam oor die Indiese Oseaan gevaar totdat hulle mekaar op 5 November verloor het.

Die bemanning het op Maandag 16 November “het Lant van Afrika int NNW” gesien. Die skietlood is 'n paar keer uitgegooi en die diepte was 50 tot 60 vadem (*1 vadem = 1.8 m; dus 90-110 m*) met 'n bodem van was-agtige sand met swart spikkels. Die suiderbreedte is die middag as 34 gr 14 min gemeet en die diepte was 110 m; die koers is op wessuidwes gehou. Die bemanning het geskat dat die oostelike hoek van Algoobaaie met sy eilandjies ongeveer 8 of 9 myl (*1 Amsterdamse myl = 7,4 km; dus ongeveer 60 tot 70 km*) wesnoordwes van hulle was.<sup>14</sup>



**Figuur 3: Benaderde roete van Schoonenberg van 15 November 1722 tot die stranding op 20 November, gekonstrueer op grond van inligting uit die Skeepsjoernaal van Skipper van Soest**

13 KAB, CJ646, Proses Stukken Van Soest wegens vergaan van Schoonenberg, 1722, Skeepsjoernaal, pp. 134-192

14 Hierdie posisie bepaling klop nie; dit lyk waarskynlik dat eerder op die westelike hoek van die baai gepeil is. Die laagliggende eilandjies sou op dié afstand agter die horison gewees het.




(Uit: KAB, CJ646, Proceſ Stukken Van Soest wegens vergaan  
van Schoonenberg, 1722, Skeepsjoernaal, pp. 163-167)  
Kaart deur Jimmy Herbert, Somerset-Wes, 2013

Die volgende twee dae het die Schoonenberg op dieselfde koers teen die kus af gevaar (**Figuur 3**). Aanvanklik was die wind teen hulle, sodat die eerste dag maar 50 km gevorder is, maar die volgende dag was dit 215 km. Dinsdag was die Schoonenberg op 34 gr 37 min suiderbreedte en Woensdag op 34 gr 59 min. Die bemanning het op albei dae 'n seil suidoos van hulle gewaar en aangeneem dat dit dié van die Anna Maria was. Die meeste van die tyd kon die bemanning land sien, maar geen spesifieke landmerke is aangeteken nie. Die weer was mooi, met 'n veranderlike wind. Woensdagagtermiddag is wesnoordwes gestuur en teen sonsonder is die koers na wes verander.

Met sonsopkoms op Donderdag 19 November was die Schoonenberg nagenoeg 70 km van die land af. Dit was feitlik windstil; net 'n sagte bries het uit die ooste gestoot. Teen die middag was die suiderbreedte 34 gr 54 min en is bereken dat 207 km geseil is. (*Dit het die skip ongeveer 70 km suid van Stilbaai gebring.*) Volgens die joernaal was geen land in sig nie. (Later sou die stuurman beweer dat die middag op die hoek van “Visbaaij”, noord van hulle gepeil is. Teen sonsonder was dit na die weste te deinsigerig om iets te sien, maar in die wesnoordweste was land, ongeveer of 75 km ver.<sup>15</sup>) Die agtermiddag, en ná sonsonder, het 'n egalige oosnoordooste-windjie gewaai en die koers is op wes gehou (**Figuur 4**).

---

15 KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 148-181



**Figuur 4: Benaderde roete van Schoonenberg gedurende die nag van 19-20 November 1722, gekonstrueer op grond van inligting uit die Skeepsjoernaal van skipper Van Soest en getuienis van die bemanning**  
 (Uit: KAB, CJ646, Proses Stukken Van Soest wegens vergaan van Schoonenberg, 1722, Skeepsjoernaal, pp. 165-167; KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 30-33)  
 Kaart deur Jimmy Herbert, Somerset-Wes, 2013

Volgens Van Soest se joernaal is besluit dat “in 't 4 glas”, dit wil sê tussen halftien en tienuur die aand gelood moes word om te sien of die water nie vlakker as 50 m is nie. (Hierdie opdrag is later deur die drie stuurlui betwis.<sup>16</sup>)

Die “hondewagt” (*twaalfuur tot vieruur*) was onderstuurman Pieter Corver se wagbeurt. Die skipper was tussen twee-uur en halfdrie op dek. Die wind het steeds lig uit die oosnoordooste gestoot. Hy het Corver gevra om die uitkyker meer gereeld te laat roep en om self op die uitkyk te bly. Hy moes nie noord van wes stuur nie, eerder 'n bietjie suid en as hy iets gewaar, moes hy dadelik suid draai. Corver het geantwoord: “Ja, Schipper, ik zal dat doen.” Van Soest het weer in sy kajuit gaan lê.

<sup>16</sup> KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 148-181

Tussen drie-uur en halfvier het hy gehoor hoe iemand op die dek “Land!” roep. Met sy uitgaan na die dek, het Corver hom teëgekom met die nuus dat land naby is, links voor die skip. Van Soest het dadelik beveel dat die seile en roer verstel moes word om suidoos, weg van die wal te seil, maar die skip het traag gereageer. Derdewaak Dirk Prest doen 'n peiling en roep “7 vadem” (13 m) en met die volgende peiling “5 vadem” (9 m). Daar was nog branders links voor die skip en Van Soest het dadelik die “dagelijks”-anker laat uitgooi, en toe die tou later breek, ook die “tuij”-anker. Die opdrag is traag uitgevoer, die tweede anker se tou breek mettertyd ook en die skip “raakte toen teen het rif aan.” Hy het gesukkel om die seile te laat inhaal en later water te laat uitpomp, en vra die offisiere “waar om zij haar best nieten dade en stonde ofse verweese ware.” Die wind het na oossuidoos omgeswaai en teen dagbreek na sterk suidoos, sodat die hewige branders die skip al verder op die rif gestoot het, met sy voorstewe na die wal. Die skipper het later gehoor dat nóg opperstuurman Willem Verbeek, nóg Corver die nag gelood het, ondanks sy beweerde opdrag die vorige aand om dit elke twee uur te doen.

(Wat die skipper toe nie geweet het, en dus nie in sy skeepsjoernaal aangeteken het nie, is dat “Schieman” (*tweede bootsman*) Pieter Jansz op uitkyk volgens hom reeds 'n kwartier vroeër vir Corver gewaarsku het dat hy land sien. Corver het geantwoord: “t is goed”, maar hy het niks gedoen nie. Toe weer geroep is dat land vinnig naderkom en Van Soest wakker geword het, het Corver steeds geen bevele gegee nie en bloot geloop om die skipper te gaan inlig. Die Schieman het ook getuig dat toe die skipper op dek kom, hy met “een naar geschreeuw” bevele uitgebulder het. Die skip het pas op die rots geloop voordat hy gesien het “dat aan weder zijden van dien bodem de stukken hout van de verdubbeling der kiel quamen boven drijven.”<sup>17)</sup>)

Die rif waarop die skip gelê het, was “omtrent een 3 ponder schoot van de vast wal af” (800 tot 1000 meter) (**Figuur 5**). Spoedig het die skip ses of sewe voet (*ongeveer twee meter*) water ingekry en is die skuit en boot in die see laat sak om die skip ligter te maak. As gevolg van onverskilligheid het die boot teen die skuit gebots en dit laat sink. Die boot het toue na die wal geneem waar dit vasgemaak kon word. Die meeste matrose was dronk, want hulle “hadde de bottelerij verkracht als ook de karbas kas voor de kajuijt.” Hulle het

---

17 KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 30-33

“met packe en zakke” met die boot en op vlotte na die wal gevlug en die boot op die strand laat lê, terwyl Van Soest en van sy offisiere nog op die skip was.



**Figuur 5: Rotskus by Struisbaai waar die Schoonenberg gestrand het**  
(Foto: Jimmy Herbert, Somerset-Wes, 2012)

Die skip se toestand was haglik, sodat van die offisiere 'n vlot van ronde pale begin maak het om by die land te kom. Die ander het vir die skipper gesê dat hulle hulle lewe liefhet; dis nou die tyd om te vlug. Van Soest het geantwoord dat hy “zo lang in 't schip soude blijven als 'er nogh hout boven water was.” Hulle het die dag en volgende nag saam met hom aan boord gebly. Deur die nag het die wind uit die noordweste teen die golwe in gewaai, sodat die hewige, deurmekaar branders die skip in die middel laat deurkraak en die agterstewe opsygestoot het, met die maste nog staande.

Die oggend van die 21ste was die wind fris suidoos tot oossuidoos. 'n Tou is om die boot gebind en Corver het dit na die skip gebring. Van Soest is herhaaldelik gevra om saam met die offisiere aan land te gaan, maar hy het geweier en gesê dat hy teen die aand sal gaan. Hy het water, gort, 'n handgeweer, kruit en lood saamgegee en die opperstuurman gevra om dadelik 'n tent te gaan opslaan en om die offisiere bymekaar te hou, in geval die skeepsvolk opstandig sou raak.

### ***Struwelinge op die strand***

Teen die aand het die boot onder bevel van die bootmansmaat vir Van Soest kom oplaai. Nie een van die stuurlui wou saamkom nie, omdat hy die oggend geweier het om saam met hulle te gaan. Toe hulle aan wal kom, het al die skeepsvolk op 'n hoogtetjie by die offisiere bly staan. Van Soest het hom uit die boot laat dra en sabel in die hand gedreig om dié wat

nie sy goed en die proviand wil uitlaai nie, oor die kop te slaan. Die offisiere het hom geen hulp gegee nie. Die wyn en bier wat hy in sy tent laat sit het, is eenvoudig deur 'n paar van die belhamels weggedra. Die offisiere het geweier om by hom in die tent te kom en hom die nag alleen gelaat. 'n Paar manne het in die donker gekom, hom vasgedruk en sy tent deursoek. Hulle het niks gekry nie, maar die goed gesteel van “mijn Jongentje, die in een gelt sakkie, mijn goude Roks knopen en kamisoos knopen met 3 leepels en 3 vorken en mes met een silvert heght, een gragenet steen in een silver doosie beslagen, een Rootingh met een goue knop” gehad het.

Bostaande is die skeepsjoernaal se weergawe van die gebeure. 'n Effens ander perspektief is later deur verklarings van bootsman Jurie Ijser van Bremen en die boekhouer, Paulus Augier gegee. Ijser het beweer dat die skipper “seer beschonken aan de wal koomende” die matrose met sy sabel gedreig het, terwyl 25 manne reeds in die water was om sy goed af te laai. Die skeepsvolk het eintlik besope geraak van die drank wat die skipper van die wrak af gebring het en op die wal het hy self ook nog “wakker heeft zitten te drinken.” Die skipper het hulle die volgende dag gevra om Kaap toe te gaan, omdat die water aan die opraak was. Ijser het nooit gesien dat die skeepsvolk nie ordentlik teenoor die skipper opgetree het nie. Hulle het die pistole van die boekhouer begeer, maar dit tog aan hom oorhandig.<sup>18</sup>

Augier, weer, het gesê dat die manne wel geweier het om die skipper se goed af te laai. Hy self het die nag van die 21ste in 'n tent van rooi vlagdoek by die stuurhul geskuil om te verhoed dat die skeepsvolk hom te lyf gaan. Die skipper het die aand sy skeepsjonge ontbied, maar dié het geweier om na hom toe te gaan en gesê dat hy nie met 'n dronk man iets te doen wil hê nie. Die volgende oggend het Augier die skipper in sy tent gekry waar hy al huilende bloed spoeg. Hy het aan Augier gesê dat hy die vorige aand in sy tent deur vyf of ses manne mishandel, getrap en beroof is.<sup>19</sup>

Die skeepsjoernaal vermeld verder dat die stuurhul en 'n stuk of 90 van die skeepsvolk die volgende oggend, Sondag die 22ste, besluit het om na die Kaap te stap. Die boekhouer het agtergebly. Om die guns van die matrose te wen, het die stuurhul hulle wysgemaak dat

---

18 KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 38-41

19 KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 85-89

dit die skipper se skuld was dat die skip gestrand het. Van Soest het aan Verbeek 'n potloodgeskrewe briefie aan die Goewerneur gegee met die treurige tyding van die stranding. Geen spesifieke getuienis bestaan dat dit afgelewer is nie.

Ongeveer ses dae later het die offisiere en 'n stuk of 80 man Onverwacht, die plaas van Philip Morkel in die Hottentots-Holland bereik nadat drie van hulle makkers op pad agtergelaat moes word. Die ontberings wat hulle verduur het, is twee jaar later digterlik in 'n “Liefde-Krans”<sup>20</sup> beskryf wat van die matrose uit Nederland aan die Morkels gestuur het uit dankbaarheid vir hulle versorging. Op pad moes hulle selfs gras eet en later die vleis van 'n seekoei wat deur een van die manne geskiet is. Morkel het 'n ossewa en perdewa aangebied vir die vervoer van dié wat te swak was om verder te loop. Hulle het die Kaap waarskynlik op 30 November of 1 Desember 1722 bereik.<sup>21</sup>

Intussen vermeld die skeepsjoernaal dat agt van die drosters ná die middag teruggekom het, nie omdat hulle, soos hulle wou voorgee, dit nie oor die hart kon kry om die skipper te verlaat nie, maar om te plunder. Reeds dieselfde agtermiddag het hulle teen sy bevel na die skip gegaan, die boonste luike oopgebreek, wat die water ook daar laat instroom het, en oopgebreek en stukkendgeslaan so ver hulle gegaan het. Hulle het pakke van hulle buit gemaak en dit saam met water, wyn en brandewyn aan wal gebring. Die skipper het hulle aangespreek, maar hulle het gesê hulle sal doen wat hulle wil. Die nag was dit so 'n gedrink, gevloek en bakleiery, dat Van Soest en Augier vir hulle veiligheid gevrees het. Dit het die patroon van die volgende dae geword. Dit het so erg gegaan dat “een van de sterkste karel in zijn dronkenschap in hare Tent gesmoort is, zijn naam is Hendrik Wigman: hij was een van de Pricipalste muijtemaakers: zij lui deelde zijn geroofde naar latenschap onder malkander.” Hy is die volgende dag begrawe. Van Soest en Augier moes wapens dra en soms snags waak om nie oorrompel te word nie.

Die skipper gee in sy skeepsjoernaal die name van die agt drosters wat teruggekeer het, en van agt ander wat die hele tyd daar gebly het. Onder laasgenoemdes is twee Van der Heijdes.

Op Woensdag die 25ste het Augier aan boord gegaan om die Kompanjie se kiste met

---

20 P.W. Morkel, *The Morkels. Family history* (Privaat gepubliseer, 1961)

21 KAB, C2438, Attestatiën, 1722-1723, 1722-12-06, pp. 244-259

skeepsdokumente af te haal. Hy kry alles oopgebreek en deur die kajuit verstrooi sodat hy die boeke bymekaar moes soek. Ook sy eie lessenaar en boekkis, en drie kiste van die skipper was oopgebreek en verwoes.

Vrydag, 'n week na die stranding, het nog drie manne oor land na die Kaap vertrek. Die name van die drie word gegee, maar is nie onder die sestien name wat voorheen genoem is nie. Van Soest en Augier het potloodgeskrewe briewe aan die Goewerneur saamgegee. Hierdie briewe sou uiteindelik op die Politieke Raad se vergadering van 13 Desember ter tafel kom.<sup>22</sup> Van Soest het geskryf dat hy op 22 November 'n paar woorde oor die ramp saam met die opperstuurman gestuur het toe dié nie langer by hom wou bly nie en na “veel hossiteit” (*waarskynlik hostileit*) met ongeveer 85 man weg is. Wanneer hy aan die Kaap kom, sal hy daarvoor aan die Goewerneur rapporteer. Party van die 21 wat by die wrak agtergebly het, was bloot daar om te plunder. Hulle was onbeheerbaar en het hulle wysgemaak dat die skip se inhoud “roof goet” was. Die wrak kon nog drie maande op die rotse bly lê, só naby aan die strand dat enigiets met mooi weer afgehaal kon word. Hy vra dus dat manne met 'n galjoot (*platboomseilskip met twee of drie maste*) of twee na hom gestuur word. Daar is 'n goeie plek waar 'n boot sonder gevaar kan lê. Met hoogwater stroom nege of tien voet (*drie meter*) water in die ruim, wat met laagwater weer uitloop. Alle dokumente het behoue gebly. Hy vra opdragte oor hoe hy dit moet beveilig en in die Kaap moet kry indien 'n boot nie gestuur sou word nie, want hy kon nie die skeepsvolk in toom hou nie. Augier het ook hulp gevra sodat hulle en die dokumente gered kon word. Hy onderskryf Van Soest se bewerings en wil graag met die Goewerneur oor dinge praat wat hy “niet durvende op papier betrouwe.”

Die rebelle wou hierna met die boot na die Kaap vaar en het Van Soest saamgenooi. Hy het geweier en gesê dat hy ook nie kan verstaan dat hulle dit probeer doen nie. Op Maandag die 30ste is al hulle gesteelde goed en proviand in die boot gepak, maar dit was so swaar dat hulle dit nie in die water kon kry nie. Ook die volgende dag het hulle pogings misluk. Woensdag die 2de Desember het veertien van hulle besluit om nou oor land te gaan. Hulle het van die goed versteek en saamgedra wat hulle kon.

Van Soest en die paar wat nog op die strand agterbly het, het die agtermiddag besoek

---

22 KAB, C61, Resolusies van die Politieke Raad, 1722-12-13, pp. 88-101

gekry: dit was vier man te perd van die buitepos “warme bad” (*Caledon*) wat in die omgewing was om sout te kom haal. Die volgende dag het vyf of ses “Hottentotte” (*Khoikhoi*) opgedaag wat by die ruiters van die gestrandes verneem het. Die skipper het hulle met ”tobak en eenige ander wissewasjes” betaal om water te gaan haal. Die dag daarna was die manne te perd weer daar, en omdat “de Eerste trop van ons volk veel goed onderweegh had laate legge, zo naame zij die wegh die zij gemarseert hadde.”

Sondag 6 Desember was 'n mooi dag. Die oggend het 'n wa aangekom wat op Vergelegen gekommandeer is, met, volgens Van Soest, 'n bees en 'n halwe sak meel. (Dit was 'n wa van Jacob Malan wat op 30 November met lewensmiddele vir die skipbreukelinge gestuur was.<sup>23</sup>) Omtrent eenuur die middag het skipper en ekwipasiemeester (*amptenaar in bevel van die uitrusting van skepe*) Cornelis Valk en die sekretaris van Stellenbosch, Johannes Pleunis, aangekom om in opdrag van die Goewerneur vas te stel wat die toestand van die skip was en om die skeepsdokumente af te haal. Die see was kalm en Van Soest het Valk genooi om saam met hom aan boord te gaan, sodat hy des te beter aan die Goewerneur en Politieke Raad verslag kon doen. Valk het geantwoord dat hy nie sy lyf op 'n gestrande skip sou waag nie. Dieselfde aand het Pleunis en Augier met die skeepsdokumente tot by Soetendalsvlei getrek, terwyl Valk by Van Soest oorgebly het.

Die Goewerneur se opdrag was dat Van Soest en sy manne (ook die veertien drosters wat by Uilenkraal deur Valk en Pleunis aangetref en teruggestuur is<sup>24</sup>) by die wrak moes bly. Dit het hulle dan ook gedoen, totdat hulle op 26 Desember saam met die volgende ondersoekspan, wat besluit het dat niks van die skip se vrag meer gered kon word nie, vertrek het. Hulle het die Kaap om elfuur die aand van 31 Desember 1722 bereik.<sup>25</sup>

### ***Die fiskaal se ondersoek***

Fisikaal Cornelis van Beaumont was verantwoordelik om volgens die Kompanjie se staande opdragte die stranding van die Schoonenberg amptelik te ondersoek. Hy het dit

---

23 KAB, C2438, Attestatiën, 1722-1723, pp. 244-249

24 KAB, C2438, Attestatiën, 1722-1723, pp. 226-229

25 KAB, C2438, Attestatiën, 1722-1723, pp. 269-272



sonder versuim en met nougesetheid gedoen. Beëdigde verklarings van 'n groot aantal opvarendes is afgeneem – van die skipper tot gewone matrose, en die persone wat van misstappe verdink is, is deeglik ondervra. Tesame beslaan die rekords meer as 300 bladsye.<sup>26</sup>

Dit het op 'n dokument gedateer 19 Maart 1723 uitgeloop ~~en is~~ aan die Goewerneur gerig in die vorm van 'n “Eijsch en conclusie” van die fiskaal in die saak teen skipper Van Soest, opperstuurman Verbeek, Onderstuurman Corver en Derde waak Prest wat “gedaag” (*aangekla*) word van pligsversuim en agterlosigheid wat tot die stranding van die Schoonenberg gelei het. Van Beaumont se volledige samevatting en beoordeling van die getuienis dien as motivering vir sy aanbevole uitspraak en vonnis, wat deur die Raad van Justisie oorweeg moes word.<sup>27</sup>

Hy het begin deur kortliks te verwys na die reis van die Schoonenberg en Anna Maria van Batavia af, die Schoonenberg se aankoms by en herkenning van Algoabaai, en die reis langs die kus af tot die middag van 19 November. Die feit dat die suiderbreedte as 34 gr 54 min bepaal is en dat Van Soest beveel het dat reg wes geseil moes word (met inagneming van die “misweijding” van 15 grade wes van noord) (*deklinasie*) was nie in dispuut nie. Maar oor feitlik alles wat verder gebeur het, was die getuienis teenstrydig – soos veral Van Soest en die stuurman wat mekaar oor en weer van nalatigheid beskuldig het.

Die eerste vraag was of land op die 19de gesien is. Van Soest het volgehou dat die kus nie sigbaar was nie, terwyl die stuurman beweer het dat hulle op die middag en ook teen sonder land gesien het. Die fiskaal was van mening dat Van Soest se ontkenning bedoel was om sy bevel aan die stuurman om reg wes te seil, agterna beter te regverdig. Die onderstuurman en derdewaak het beweer dat hulle die agtermiddag die koers op die kaart gepas ~~het~~ en gesien het “dat met die cours op de wal soude loop, en oek van Caap Agulas niet te boven kunnen koomen.”<sup>28</sup> Albei het beweer dat hulle dit aan die opperstuurman genoem het, maar dié het so 'n gesprek ontken. Die fiskaal spreek hom nie uit oor die koers wat gestuur is nie; al wat hy weet, is dat dit die skip die nag teen die einde

---

26 KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 1-318

27 KAB, CJ327, Eijsch en Conclusie, pp. 167-183

28 Effens vreemd, indien hulle kaart akkuraat was, want Kaap Agulhas lê op 34 gr 50 min suiderbreedte; dit wil sê ongeveer sewe km verder noord as die skip se ligging die middag. Kyk figure 2 en 4.

van die hondewaak op die wal laat loop het. En dit het gebeur toe die skip onder feitlik volle seil voor 'n fris wind en in goeie weer gevaar het, sonder dat die opper- of onderstuurman met hulle wagbeurte 'n enkele keer die lood gewerp het; volgens hulle net omdat-Van Soest dit nie beveel het nie.

Wat die stuurman die skipper die meeste ten laste gelê het, was juis sy opdragte oor dieptepeilings. Hulle het beweer dat toe Van Soest in die agtermiddag van die 19de tydens Prest se wagbeurt op die dek gekom het, Verbeek hom gevra het of hulle nie 'n keer moet lood nie. Hy sou geantwoord het: “Wel ja maat, wij konden wel eens looten, maar wat hoeft het 't souw te veel verletten (*vertraag*), wij weeten waar wij zijn wij zijn op 't zand en zullen wagten tot morgen ogtend, en dan zullen wij wel eens looten.”<sup>29</sup> Hierop sou Verbeek, volgens sy eie erkenning, geantwoord het: “t ist goed.” Die skipper het hierdie gesprek ontken. Sý weergawe was dat hý in werklikheid aan Verbeek voorgestel het dat na twee tot drie uur gelood moes word en daarna elke twee uur om seker te maak dat die water nie vlakker as 50 m word nie. Hy het in daardie stadium gereken dat hulle nog 80 tot 90 km van die wal af was. Verbeek sou hierop geantwoord het dat hy eerder 'n bietjie wou wag totdat die wind na verwagting in die eerste wag (*van agtuur tot twaalfuur die aand*) sou gaan lê. Die stuurman het hierdie gesprek ontken en die matrose wat op dek was, het ook net Verbeek en Prest se weergawe onthou.

Corver het bygevoeg dat toe Van Soest tydens die hondewag op dek gekom het, hy die skipper gevra het of hulle nie moes lood nie. Van Soest sou weer geantwoord het: “Dat sullen wij van de morgen wel eens doen.”<sup>30</sup> Van Soest het hierdie gesprek ontken en gesê dat by dié geleentheid nooit oor loding gepraat is nie.

Die fisikaal het opgemerk dat waar Van Soest volgens sy eie getuienis wel verskeie bevels aan Corver gegee het, hy verwonderd is dat hy hom nie gevra het om die lood te werp, of hom gevra het wat die diepte en bodemgesteldheid was toe, volgens die opdrag wat hy sou gegee het, gelood is nie. Hierin het hy nie sy plig nagekom nie. Terwyl hy Corver beveel het om suid, weg van die land te stuur sodra hy land gewaar, het hy vergeet en nagelaat om bevels oor dieptepeilings te gee.

---

29 KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 182-184, 186-188

30 KAB, CJ647, Papieren Concerneerende in de Zaak Fiscaal contra van Soest, 1723-1724, pp. 162-169

Die fisikaal was ook van mening dat Verbeek en Corver se bewering dat hulle nie die lood gewerp het nie bloot omdat die skipper dit nie beveel het nie, “is een slegt argument ter versoening,” omdat hulle as stuurman wat hulle plig ken, aan boord geneem is. Al het Van Soest nie 'n spesifieke bevel gegee nie, moes hulle seemanskap aan hulle gedikteer het wat gedoen moet word. Hulle mag nie stilsywend of lafhartig verkeerde bevels of die versuim van bevels aanvaar het wat tot ongelukke en skade kon lei nie. Die skipper het hulle ook nie, soos hulle voorgesê, verbied om die lood te werp nie, soos duidelik blyk uit die getuigenis van die twee manne wat by die roer gestaan en die gesprek tussen Van Soest en Verbeek gehoor het. Maar aan die ander kant het Van Soest ook geen bevel gegee om vroeër as die volgende oggend te lood nie, kwanstus om nie die vaart te vertraag nie.

Volgens die fisikaal was die feit dat nie een van die aangeklaagdes die nodige lading gedoen het nie, slordige en onverantwoordelike versuim. Dit was die hooforsaak vir die rampspoedige stranding van die Schoonenberg. Maar hierby kom nog die ernstige nalatigheid van die aangeklaagde Corver en die verwarring wat geheers het toe land gewaar is.

Die “schieman” wat op uitkyk was, het Corver “in het laast glas van de Hondewagt” (*dit wil sê tussen halfvier en vieruur; Van Soest het gesê dit was in die sewende glas, dit is tussen drie-uur en halfvier*) gewaarsku en toegeroep dat hy land sien. Corver het geantwoord: “t is goed,” maar niks gedoen nie, sodat met 'n stewige wind voortgesail is. Na 'n kwartier (*waarin hulle waarskynlik twee tot drie km afgelê het*) het die “schieman” weer gewaarsku, dié keer dat die Schoonenberg die land vinnig nader. Kort daarna het Van Soest verskyn en beveel dat die seile verstel en die lood gegooi moes word.

Dit was Corver se plig om ten minste stadiger te vaar toe hy die eerste keer gewaarsku is, sodat die water nie so vinnig vlakker sou geword het nie. Daar sou dus moontlik tyd gewees het om van die wal af weg te kom en die skip te behou. In sy verklaring beweer Corver ook dat indien die skipper en opperstuurman na hom geluister het oor hoe hulle die seile en roer moes verstel, hulle nog sou kon weggekam het, al het hulle reeds tussen die branders gelê. Of dit waar is of nie, indien Corver sy plig nagekom het “in plaats van te swijgen, met een snelle vaart voort te zeilen, en te laat waarskoning te doen,” sou hulle nie in dié dilemma beland het nie. Ná die versuim om

die lood te werp, kon gesê word dat dít die nadere oorsaak van die stranding was.

Die fisikaal het kortliks verwys na die daaropvolgende gebeure toe Van Soest en Verbeek die skip probeer anker het deur ná mekaar ankers uit te gooi. Die toue het elke keer gebreek, sodat die skip aan die land geraak en later ook gekraak het. Hy het geoordeel dat dit nie nodig was om verder in te gaan op die botsende bewerings van die aangeklaagdes nie. Hy het nogtans die verklaring van die bootsman (Jurie Ijser) oor wat met die ontruiming van die skip en daarna op die strand gebeur het, by sy verslag aangeheg.

Ook het hy ses verklarings van die “roergangers” aangeheg waarin hulle getuig het hoe tydens die eerste en hondewaak gestuur is. Dit het hom weer by Dirk Prest gebring, wat kwalik geneem moes word omdat hy versuim het om Van Soest te laat weet dat die westelike koers op die land sou uitloop, volgens sy en die onderstuurman se passing. Net die skipper mag die koers bepaal, en die derdewaak is daar om hom te help. Onderworpe aan wyser oordeel, het hy egter nie soveel skuld van nalatigheid in die derdewaak se gedrag gevind as in dié van die ander drie beskuldiges nie. Hulle kon met reg verantwoordelik gehou word vir die stranding en die gevolglike verlies van die waardevolle skip en sy hele vrag.

Die fisikaal moes ampshalwe tot die gevolgtrekking kom dat die Raad die eerste drie aangeklaagdes, Van Soest, Verbeek en Corver van amp, rang en vergoeding moet onthef en ongeskik verklaar om weer die Kompanjie in enige betrekking te dien. Hulle besittings – indien hulle iets het – moet ten behoeve van die Kompanjie gekonfiskeer word. Die vierde aangeklaagde, Prest, se korrektiewe straf het hy aan die Goewerneur se oordeel oorgelaat. Die skuldiges moes die koste dra.

In antwoord hierop het Van Soest – “bij ende van wegen” – 'n laaste poging aangewend om, terwyl hy reeds deur die stranding “van zijn tijdelike welvaaren ontbloot” is, minstens sy goeie naam te behou. In 'n omvattende verklaring gedateer 1 April 1723, gerig aan die Goewerneur en Raad van Justisie,<sup>31</sup> het hy op al die aanklagte teen hom onskuldig gepleit. Uit haat, wraakgierigheid en die noodsaak om hulle eie nalatigheid te verdoesel, het sy beskuldigers 'n klomp onwaarhede verkondig. 'n Skipper is aan die

---

31 KAB, CJ646, Proses Stukken Van Soest wegens vergaan van Schoonenberg, 1722, pp. 17-58

genade van sy onderhoriges uitgelewer indien hulle saamsweer om teen hom te getuig; sodanige getuienis behoort nie eerder as die skipper se woord aanvaar te word nie.

Hy het weer die bewering verwerp dat land op die 19de gesien is. Sy stuurman het die opdrag gehad om hom te sê as hulle land gewaar en hulle het niks gesê nie. Die manne op die dek kon nie die gesprek tussen hom en Verbeek oor die lading gehoor het nie, soos bewys word deur hulle verskillende weergawes van wat gesê is. Hulle was te ver om iets in die sterk wind te hoor.

Hy was daarvan oortuig dat indien sy bevel om reg wes te stuur presies uitgevoer is, die skip nie sou gestrand het nie. Hy moes Corver tevore 'n paar keer aanspreek omdat hy met sy rug na die kompas gestaan en gesels het, in plaas daarvan om die kompas goed dop te hou. Hy kon kwalik daarvoor blameer word as sy ondergeskiktes nie hulle bevel uitvoer nie. Verklarings dat nie noord van wes gestuur is nie, is ongeloofwaardig omdat die betrokkenes in hulle eie belang getuig het. Hy het die getuienis van Pieter Janz en ander ten volle aanvaar, waaruit die “halstaarige ongehoorsaamheid” van Corver onteenseglik blyk.

Ijser se getuienis, onder meer dat Van Soest geroofde goed in sy tent sou gehou het, is heeltemal verwerp. Valk en Pleunis sou dit met hulle besoek gesien het, as dit daar was.

Toe die “Eijsch” en ander getuienis later deur die Raad van Justisie oorweeg is, het Van Soest hom beroep op “zeekundige”, wat die getuienis beter sou kon beoordeel.<sup>32</sup> Op 19 Augustus het die Raad besluit dat sodanige persone geraadpleeg moes word en op 6 September is vier skippers van skepe in die baai ingeroep en as toegevoegde lede van die Raad gevra om hulle menings oor die getuienis te gee. Een van die skippers het met sy skip vertrek, maar die ander drie het die volgende dag eenparig bevestig dat hulle die fisikaal se bevindings ondersteun. Op die 8ste is die vonnis geformuleer en nadat al die lede van die Raad dit goedgekeur het, is dit op 'n buitengewone vergadering van die Raad op Saterdag 11 September aan die beskuldigdes oorgedra. Die versoek van Verbeek is toegestaan om gratis kopieë te ontvang van die stukke en verklarings wat hom raak. Fisikaal van Beaumont is toestemming gegee dat die plekke waar Van Soest en Corver bly, besoek kon word om enige goed te konfiskeer wat hulle mag hê.

---

32 KAB, CJ8, Notules van die Raad van Justisie, 1722-01-15 - 1724-12-14, pp. 78-87

Die vonnis van Van Soest en Corver was dat hulle van amp, rang en salaris onthef word; dat hulle onbevoeg verklaar word om ooit weer die Kompanjie in enige betrekking te dien, en dat al die besittings wat hulle binne die jurisdiksie van die Kompanjie mag hê, asook alle salarisse wat aan hulle verskuldig is, ten behoewe van die Kompanjie gekonfiskeer word. Verbeek is van sy amp, rang en salaris onthef en na Europa teruggestuur. Prest sou, nadat hy deur die Raad berispe is, met behoud van rang na die Vaderland teruggestuur word. Die koste van die geding moes deur die aangeklaagdes gedra word.

Op 12 September het die fisikaal aan die geregsbode Willem Pas opdrag gegee om na Jacob van der Heijde, by wie Van Soest vertoef het, se huis te gaan en vir hom en Van Soest te sê dat geen goed van Van Soest wat daar is, verwyder mag word nie. Ook aan die veroordeelde Corver en die vrou van Hendrik Eversdijk by wie hy ingewoon het, moes 'n soortgelyke bevel oorgedra word. Die geregsbode het die volgende dag gerapporteer dat hy dit gedoen het. Van den Heijde sou geantwoord het dat hy 'n kissie met enkele silwergoed wat die Politieke Raad aan hom gestuur het, aan Van Soest oorhandig het. Van Soest het gesê hy het niks behalwe die klere aan sy lyf nie. Corver het ook so geantwoord, en mevrou Eversdijk het net gesê: “... het is goed.”<sup>33</sup>

Die Here XVII was “verwondert” dat die saak so lank gesloer het. In 'n brief gedateer 29 Februarie 1724 aan Goewerneur de Chavonnes (*hulle het duidelik toe nog nie die nuus van die uitspraak van 11 September 1723 gekry nie*) het hulle na die “ongehoorde lankwyligheijt” van die proses verwys en die Goewerneur beveel om die saak “ten spoedigsten aftedoen, of andersints degene die meest schuldig sijn na Batavia overtesenden, om aldaar te regt gestelt te worden.”<sup>34</sup>

Nog meer ontsteld was die Here XVII oor die uitspraak en vonnis. Op 21 Julie 1725 het hulle aan waarnemende Goewerneur Jan de la Fontaine geskryf dat hulle met “uiterste bevreemden” verneem het van die regsproses wat daarop uitgeloop het dat Van Soest “liber en vrij buijten detentie” is. Nogtans het alle omstandighede daarop gedui dat die skipper die skip skynbaar opsetlik laat strand het om hom te verryk met kosbaarhede wat

---

33 KAB, CJ646, Proses Stukken Van Soest wegens vergaan van Schoonenberg, 1722, pp. 4-5

34 KAB, C413, Inkomende Brieven, pp. 51-54

mense in die Vaderland bestel het en aan sy sorg toevertrou was.<sup>35</sup>

Die bewering van 'n opsetlike stranding was, soos hierbo aangetoon, byna twee jaar tevore reeds afdoende as ongegrond bewys. Die bewering van onregmatige toe-eiening van “kosbaarheden” deur Van Soest word in die opvolgartikel oor die Schoonenberg bespreek.

### ***Die bemanning kry weer koers***

Met sy stranding was die Schoonenberg op pad na Nederland. Die bemanning was nou letterlik aan die Kaap gestrand en moes goedkeuring kry om hul reis na Nederland of ander bestemmings te hervat. Hul aanstellings as bemanningslede van die Schoonenberg het ook verval, en gevolglik moes hulle aansoek doen om weer deur die Kompanjie in diens geneem te word.

By sy vergadering van 22 Desember 1722 het die Politieke Raad besluit dat in ooreenstemming met vaste opdragte van die Kompanjie, die matrose, soldate en onderoffisiere van die Schoonenberg teen hulle vorige gasies en range weer in diens geneem sou word. Dit sou maklik wees, omdat die soldyboeke van die skip behoue gebly het.<sup>36</sup>

Die oppermeester van die Schoonenberg se versoek om met die retoervloot wat toe in die baai was, na Nederland terug te keer, is op 19 Januarie 1723 goedgekeur en uitgebrei na alle skipbreukelinge, mits hulle nie noodsaaklike diens vir die Kompanjie moes verrig of deur Van Beaumont met sy ondersoek na die stranding benodig was nie.<sup>37</sup>

Enkele van die matrose van die Schoonenberg het betreklik gou die geleentheid gekry om van die Kaap te vertrek. Die retoerskip Doornik het op 26 Januarie 1723 gevra of sy matrose wat nog in die hospitaal was, deur matrose van die Schoonenberg vervang kon word wanneer hy oor 'n paar dae na Nederland sou reis.<sup>38</sup> Dit is goedgekeur, mits die fisikaal hulle nie nodig sou hê nie. Die skippers van die Herstelde Leeuw en die Middelwout het die Raadsvergadering van 9 Februarie bygewoon en ook goedkeuring

---

35 KAB, C419, Inkomende Brieven, 16 Jan. – 19 Feb. 1726, pp. 99-102, 112

36 KAB, C62, Resolusies van die Politieke Raad, 1722-12-22, pp. 22-35

37 KAB, C62, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-01-19, pp. 66-75

38 KAB, C62, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-01-26, pp. 76-98

gekry om hulle matrose wat siek of oorlede is, deur skeepsvolk van die Schoonenberg te vervang.<sup>39</sup>

Teen September 1723 was heelwat van hulle egter nog steeds aan die Kaap, want op die 14de is 23 man aan die bemanning van die Zeepost op 'n noodsending na die omgewing van Saldanhabaai toegedeel om 't Raadhuis van Vlissingen wat sy roer verloor het, te gaan bystaan.<sup>40</sup> Op 16 November is besluit om die manskappe aan die Kompanje se skeepsuitrustingswerf toe te deel totdat hulle na Europa kon reis of elders benodig sou word.<sup>41</sup> Hulle was steeds in betaalde diens en behoort dus benut te word. Op 30 November het die Goewerneur die vraag geopper of matrose van die Schoonenberg nie tot die bemanning van die Alida Petronella, wat op sy uitvaart na Batavia met “vele doodens en sieken” aangekom het, toegevoeg behoort te word nie. Daar is besluit dat hulle net as vrywilligers op skepe na die Ooste geplaas sou word. Omdat hulle “zijn tijt in ‘t land hebbende uijtgedient,” sou hulle eerder aan die verwagte retoervloot se bemanning toegevoeg word sodat hulle gouer na die Vaderland kon terugkeer.<sup>42</sup>

Augier, boekhouer van die Schoonenberg, se smeekbrief aan die Goewerneur en Politieke Raad vir sy repatriasie na Nederland is op die vergadering van 16 Maart 1723 oorweeg. Hy het alles wat hy gehad het met die stranding verloor en hy leef toe al drie maande op die goedheid van jammerhartige mense. Na die stranding het hy onnoemlike mishandeling en uitputting verduur, ook met sy deelname aan die verbranding van die wrak. Hy kon nie langer in dié treurige toestand sonder geld en ander lewensmiddele voortgaan nie. Sy min persoonlike sake het ook sy teenwoordigheid in Nederland vereis. Hy wou dus met een van die retoerskepe na die Vaderland terugkeer. Indien dit nie goedgekeur sou word nie, vra hy om teen sy vorige vergoeding solank aan die Kaap in diens geneem te word.<sup>43</sup>

Omdat hy geen skuld aan die stranding gehad het nie, is sy versoek om heraanstelling teen sy vorige vergoeding toegestaan. Sy vertrek na die Vaderland moes uitgestel word om Hendrik Klopper, met wie hy tydens die verbranding van die wrak te doen gehad het, die

---

39 KAB, C63, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-02-09, pp. 2-79

40 KAB, C68, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-09-14, pp. 9-25

41 KAB, C68, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-11-16, pp. 108-119

42 KAB, C69, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-11-30, pp. 14-30

43 KAB, C64, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-03-16, pp. 99-111



geleentheid te gee om sy beoogde aksie teen hom in te stel en om te sien of hy nie nut kon hê by die saak van die fisikaal teen Van Soest en die stuurliu nie. Op 13 April het hy wel goedkeuring gekry om met sy vorige rang na Nederland te vertrek op een van die retoerskepe wat beplan het om op die 20ste af te vaar.<sup>44</sup>

Verbeek, Corver en Prest moes langer wag. Hulle versoek om gerepatrieer te word, is by die vergadering van die Politieke Raad op 2 Maart 1723 van die hand gewys, hangende die afhandeling van die fisikaal se ondersoek teen hulle en die skipper.<sup>45</sup> Op 8 Junie het die Raad besluit om maandelikse toelaes aan die beskuldigdes te betaal terwyl hulle onder sensuur is die fisikaal se proses voortgaan.<sup>46</sup> Aan die begin van Januarie 1724 het 'n retoervloot weer in die baai gereed gelê om na Nederland te seil. Die Raad het besluit dat die drie stuurliu en die enkele oorblywende matrose van die Schoonenberg tussen die skepe verdeel en sonder belemmering na die Vaderland gerepatrieer moes word.<sup>47</sup>

En Van Soest? By die eerste vergadering van die Politieke Raad in 1724 het Van Beaumont die nuus gebring dat Van der Heijde aan sy dogter sou geskryf het dat Van Soest, wat hom geruime tyd op Vergelegen bevind het, nie meer daar is nie. Hy het hom ook nie meer in die Kaap bevind nie, derhalwe kon hy van ontvlugting verdink word. Na oorweging is besluit om opdrag aan landdros Martinus Bergh te gee om Van der Heijde op Vergelegen oor Van Soest se bewegings te gaan ondervra.<sup>48</sup>

Die breedvoerige opdrag aan Bergh is dieselfde dag, 4 Januarie 1724, uitgereik. Hy moes by Van der Heijde uitvind wanneer en hoe Van Soest van die Kaap af daar gekom het; presies wanneer hy vertrek of weggeraak het; of hy te voet, te perd of met 'n wa weg is; of hy alleen, in geselskap of met hulp weg is; of hy die binneland in is of na die Kaap is; watter mense, hetsy knegte of slawe daar was, en of hy sedertdien weer gesien of van gehoor is. Die skeepsjonge van Van Soest was ook weg en Bergh moes ook oor hom navraag doen.<sup>49</sup>

---

44 KAB, C65, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-04-13, pp. 78-97

45 KAB, C64, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-03-02, pp. 44-54

46 KAB, C66, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-06-08, pp. 62-68

47 KAB, C69, Resolusies van die Politieke Raad, 1724-01-11, pp. 101-113

48 KAB, C69, Resolusies van die Politieke Raad, 1724-01-04, pp. 87-93

49 KAB, C1467, Uitgaande Brievens, 1724-1725, pp. 2-4

Berg se antwoord is gedateer 6 Januarie 1724.<sup>50</sup> Nadat hy die opdrag ontvang het, is hy dadelik na Vergelegen. Van der Heijde het gesê dat Van Soest ruim agt weke tevore saam met hom op sy wa daarheen gery het. Volgens Van Soest sou hy van die Goewerneur vrystelling gekry het om dit te mag doen. Van der Heijde “zijn Nigt” Margaretha Gildenhuijs sou hom vertel het dat Van Soest op Saterdag die 18de Desember 1723 een van Van der Heijde se slawe aangesê het om ses osse voor die perdewa te span. Van Soest sou toe alleen daarmee na Van der Heijde se plaas in Rondebos weggery het, waar sy (Van der Heijde se) seun toe gewoon het. Toe van der Heijde die dag daarna in Rondebos kom, was Van Soest nie meer daar nie. Hy het hom ook nie later weer gesien of iets van hom gehoor nie. Van der Heijde het ook niks geweet van die bewegings van Van Soest se “Jongetje” nie.

Hy het wel vertel van 'n gesprek wat hy ongeveer drie weke tevore met Van Soest op Vergelegen gehad het. Van Soest sou gerugte gehoor het dat hy Batavia toe sou moes gaan, of met die suikerskepe na die Vaderland. Hy het gesê hy weet dat hy nie as skipper, dit wil sê naas die skipper van die skip en bo die boekhouer en opperstuurman, weggestuur sou word nie. As hy die kans kry, sou hy miskien eerder met 'n Engelse skip wegloop.

Daarna swyg die Resolusies van die Politieke Raad oor Van Soest. Eers twee jaar later het die Here XVII in sy brief gemeld dat Van Soest “aen boort van 't Engelse Schip de Barrington” oorgekom het en hom weer in Nederland bevind. Hulle wou hom daar vir strandroof vervolg, maar daarvoor het hulle beëdigde verklarings van Van der Heijde en ander nodig gehad.<sup>51</sup> Fiskaal Valk het byna terloops in sy daaropvolgende verslag na “zijne aufugie met 't Engelsch schip Barrington” verwys. Van der Heijde het ontken dat hy met kaptein John Hunter van die Barrington onderhandel het om Van Soest na Europa te neem en het ook nie geweet hoeveel geld of goed Van Soest hom vir sy passaat betaal het nie. Burger Jan de Wit(h) het getuig dat Van der Heijde wel privaat met Hunter gesels het, dat hy vir hom bottels rooiwijn as geskenk gestuur het en dat hy kooigoed in 'n kombes vir Van Soest se reis gestuur het.<sup>52</sup>

Onafhanklike bevestiging bestaan dat die Barrington in Desember 1723 op sy

---

50 KAB, C412, Inkomende Brieven, 1722-1724, pp. 805-807

51 KAB, C419, Inkomende Brieven, 16 Jan.-19 Feb.1726, pp. 99-102 en p. 112

52 KAB, C2448, Attestatiën, pp. 112-122

terugvaart na Europa in Tafelbaai was. Op 15 Desember 1723 het Hunter 'n versoek vir groente en vars vleis – skape of beeste – vir sy 40 siek bemanningslede tot die Goewerneur gerig. Die Kompanjie se slagters het gemeen dat genoeg vleis beskikbaar is, en daar is dus besluit dat drie pond vleis per kop per week deur die slagters aan hom gelewer kon word, en groente na verhouding. Dié moes deur De Wit verskaf word. Lyste van wat gelewer is, moes by die vertrek van die skip – dit was waarskynlik vroeg in Januarie 1724 – voorgelê word.<sup>53</sup> Dit was skynbaar 'n algemene praktyk, want in Februarie 1726 is 'n soortgelyke versoek deur Hunter, weer vir 40 siek opvarendes, goedgekeur.<sup>54</sup>

### *Samevatting*

Die stranding van die Schoonenberg is besonder goed gedokumenteer. Benewens skipper Van Soest se Skeepsjoernaal bestaan volledige verklarings deur al die betrokke offisiere en skeepsvolk en die antwoorde op deeglike ondervraging van die beskuldigdes. Bowendien was daar soveel onmin tussen Van Soest, sy offisiere en die bemanning, dat hulle nie gehuiwer het om mekaar te beskuldig nie, as hulle maar die geringste grond gehad het. Al die getuienis is deeglik deur die fiskaal oorweeg en gesif voordat die Raad van Justisie onder voorsitterskap van die Goewerneur dit beoordeel en uitspraak gelewer het. Nóg in die getuienis, nóg in die uitspraak is enige sprake van doelbewuste stranding.

Waarom het die Schoonenberg dan in goeie weer omtrent vieruur die oggend van 20 November 1722 op die rotse geloop? Die onmiddellike oorsake was die versuim om deur die nag die lood te werp, en om dadelik koers te verander toe land gewaar is. Maar indien die suiderbreedte-bepaling van 34 gr 54 min op 19 November korrek was, en reg wes gevaar is, moes hulle ongeveer sewe km suid van Kaap Agulhas verbygeseil het. Tog het hulle die land omtrent drie km noord van Kaap Agulhas getref, wat beteken dat in werklikheid nagenoeg vier grade noord van wes geseil is. Word na die vaarte van die voorafgaande twee dae gekyk,<sup>55</sup> is 'n klein fout na die noorde tussen die berekende en die gemete werklike posisies elke keer gemaak: tot Woensdagmiddag was dit twee minute

---

53 KAB, C69, Resolusies van die Politieke Raad, 1723-12-16, pp. 53-57

54 KAB, C74, Resolusies van die Politieke Raad, 1726-02-04, pp. 59-60

55 Kab CJ646 Proses Stukken Van Soest wegens vergaan van Schoonenberg, Skeepsjoernaal, pp. 163-164

(ongeveer vier km, wat op een graad vaarrigting neerkom), en tot Donderdagmiddag drie minute (ongeveer ses km of twee grade vaarrigting). Oor die rede kan net gegis word: het die kompas 'n klein sistematiese afwyking gehad, of het 'n systroom hulle die hele tyd effens noord gedryf, terwyl wes gestuur is? Die fisikaal spreek hom in sy ondersoek nie hieroor uit nie. Destyds was sodanige onakkuraathede moontlik normaal, wat natuurlik gereelde dieptepeilings des te belangriker sou gemaak het.

Dat land links voor die skip – dit is aan die bakboordkant gesien, terwyl die kuslyn die hele dag aan stuurboord was – is verklaarbaar as 'n mens na Skoonbergbaai kyk. Waar die skip die rotse genader het, loop die kus noord-suid en selfs 'n bietjie noordwes-suidoos (**Figuur 4**).

Die ondersoek na die stranding is logies en nougeset uitgevoer. Word al die getuienis oorweeg, is die onderskeid in die strawwe van die beskuldigdes billik. Die lang tydsverloop tussen die voorstel van 'n vonnis deur die fisikaal (19 Maart 1723) en die finale uitspraak deur die Raad van Justisie (11 September 1723) het aan Corver en Van Soest oorgenoeg geleentheid gegee om, wat laasgenoemde betref waarskynlik met Van der Heijde as medepligtige, te verseker dat die Kompanjie niks sou hê om beslag op te lê nie! Presies hoe hulle te werk gegaan het, sal maar aan die verbeelding oorgelaat moet word.

Die Here XVII se besonder skerp briewe oor die Schoonenberg en veral Van Soest is effens verrassend vanweë die wilde bewerings en dreigemente wat dit bevat, sonder enige getoetste getuienis of bewysstukke. Dit spruit waarskynlik uit die Here XVII se frustrasie dat 'n seewaardige skip met 'n waardevolle vrag handelsware onder goeie seetoestande verlore kon gaan, terwyl Van Soest (en sy offisiere) wat vir die skade verantwoordelik was, nou vry in Nederland kon rondloop. Dit moes die Here XVII dwars in die krop gesteek het. Iemand moes tog die blaam dra en Van Soest was die man! Al wat oorgebly het, was om hom vir strandroof te probeer bykom. In die opvolgstudie word hierdie kwessie in besonderhede bespreek.